## S v Z EN VIER ANDER SAKE 1999 (1) SACR 427 (E)

| | |
|---|---|
| **Citation** | 1999 (1) SACR 427 (E) |
| **Court** | Oos - Kaapse Provinsiale Afdeling |
| **Judge** | Erasmus R |
| **Heard** | February 15, 1999 |
| **Judgment** | February 15, 1999 |
| **Annotations** | |

---

**Flynote : Sleutelwoorde**

Jeugdige oortreders - Vonnis - Breedvoerige uiteensetting van beginsels met betrekking tot, en opsies beskikbaar by, straftoemeting aan jeugdiges.

**Headnote : Kopnota**

Vyf sake is voor die Hooggeregshof geplaas, op hersiening in die gewone loop, waarin opgeskorte vonnisse aan jeugdige veroordeeldes opgelê is. Die Hof het daarop 'n breedvoerige ondersoek ingestel na die beginsels wat geld, en die opsies wat beskikbaar is, met betrekking tot straftoemeting aan jeugdige veroordeeldes, veral binne die jurisdiksiegebied van die Oos - Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof. Die ondersoek het ingesluit 'n verslag opgestel deur die Adjunk - Direkteur van Openbare Vervolgings (Oos - Kaap), 'n besoek aan 'n jeug-aanhoudingsfasiliteit by 'n gevangenis, onderhoude met beamptes van die Departement van Korrektiewe Dienste, en oorweging van 'n omsendbrief wat deur die Direkteur van Openbare Vervolgings (Oos - Kaap) aan aanklaers gestuur is. Die volgende algemene riglyne vir straftoemeting aan jeugdige veroordeeldes is daarop neergelê.

1. Die hof sal in gepaste gevalle vóór aanvang van 'n verhoor die plasing van die beskuldigde in 'n afwending jeugprogram bevorder (dws, een van die verbeteringsprogramme wat deur NIMRO aangebied word, en ten opsigte van beskuldigdes wat dit suksesvol deurloop het en ten aansien van wie die Direkteur van Openbare Vervolgings gelas het aanklagte teruggetrek moet word).
2. Die hof moet vir strafdoeleindes die ouderdom van alle vermeende jeugdiges, asook grensgevalle, behoorlik vasstel. Indien dit dan blyk dat die ouderdom van die beskuldigde verkeerd op die klagstaat aangegee word, moet die hof die rekord regstel ten einde te verseker dat sy korrekte ouderdom op die lasbrief ter gevangenissetting, en alle ander dokumentasie mbt straf, aangedui word. Aangesien die Departement van Korrektiewe Dienste jeugdiges afsonderlik aanhou (van volwassenes) op grond van hul ouderdom soos in die voormelde dokumentasie aangegee, en aangesien `jeugdiges' vir die doeleindes van die Departement persone behels onder die ouderdom van 21 jaar, is dit nodig dat die ouderdom van alle gevangenes onder 21 jaar, en nie slegs diegene onder 18 jaar nie, bepaal word.
3. Die hof moet dinamies handel ten einde volledige besonderhede van die beskuldigde se persoonlikheid en sy persoonlike omstandighede te bekom. Die hof moet waar nodig 'n voorvonnisverslag van 'n proefbeampte en/of korrektiewe beampte aanvra. So 'n verslag is aangewese waar die beskuldigde 'n ernstige misdryf gepleeg het, of vorige veroordelings het. Dit is onvanpas om 'n beskuldigde gevangenisstraf, ook opgeskorte gevangenisstraf, op te lê sonder die voordeel van 'n voorvonnisverslag.
4. Die hof moet met sorg en verbeelding sy wye diskresie gebruik ten einde 'n vonnis te bepaal wat paslik is vir die beskuldigde, gesien sy eie besondere

Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd

omstandighede en die misdryf waaraan hy skuldig bevind is. Dit behels *eerstens* die bepaling van die mees gepaste vorm van straf, en *tweedens* die aanpassing van daardie straf om aan die behoeftes van die bepaalde beskuldigde te voldoen.

5. Die hof moet, as uitgangsbeginsel, waar moontlik straf in die vorm van gevangenisstraf vermy, met besondere inagneming daarvan *(a)* dat hoe jonger diebeskuldigde, hoe minder paslik is gevangenisstraf; *(b)* dat gevangenisstraf onpaslik is in die geval van 'n eerste oortreder; en *(c)* dat korttermyngevangenisstraf selde paslik is. Die hof moet dus altyd die gepastheid van ander strafopsies oorweeg. Indien gevangenisstraf dan nietemin, in àl die tersaaklike omstandighede en met inagneming van die oogmerke van straftoemeting, die paslike vonnis blyk te wees, moet die hof dit oplê.
6. Die hof moet nie opgeskorte gevangenisstraf oplê waar straf in die vorm van gevangenissetting onvanpas is vir die bepaalde veroordeelde nie.

**Flynote : Sleutelwoorde**

Juvenile offenders - Sentence - Extensive exposition of principles governing, and options available in, sentencing juvenile offenders.

**Headnote : Kopnota**

Five matters came before the High Court, on review in the ordinary course, in which suspended sentences had been imposed upon youthful offenders. The Court embarked upon an extensive enquiry into the principles governing, and the options available for, the imposition of sentence upon youthful offenders, particularly in the area of jurisdiction of the Eastern Cape Division of the High Court. The enquiry included a report prepared by the Deputy Director of Public Prosecutions (Eastern Cape), a visit to a juvenile detention facility at a prison, interviews with officials of the Department of Correctional Services, and consideration of a circular instruction issued to prosecutors by the Director of Public Prosecutions (Eastern Cape). The following general guidelines for sentencing juvenile offenders were thereupon laid down:

1. Before commencement of the trial the court must, in appropriate cases, promote the enrolment of the acused in a juvenile diversion programme (ie, one of the rehabilitation programmes offered by NICRO, in respect of accused who had sucessfully completed it and in respect of which the Director of Public Prosecutions had authorised the withdrawal of charges).
2. For the purposes of sentencing the court must properly determine the age of an accused charged as a juvenile, also in borderline cases. If it appears that the age of the accused has been incorrectly recorded in the charge sheet, the court must rectify the record to ensure that his true age is reflected in the warrant of committal, and in other documentation concerning sentence. Because the Department of Correctional Services detains juveniles separately (from adults) on the basis of their age as reflected in the aforesaid documents, and because, for the purposes of the Department, `juveniles' are persons under the age of 21, it is necessary to determine the age of all prisoners under 21 years, and not only of those who are under 18 years.
3. The court must act dynamically to obtain full particulars about the accused's personality and personal circumstances. Where necessary the court must obtain a pre-sentence report from a probation officer and/or a correctional officer. Such a report is necessary where the accused has committed a serious offence, or where he has previous convictions. It is inappropriate to impose a sentence of imprisonment, including suspended imprisonment, unless such a pre-sentence report has been obtained.

Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd

4. The court must exercise its wide discretion sympathetically and imaginatively, to determine a sentence which is suited to the accused, in the light of his personal circumstances and of the crime of which he stands convicted. This entails, *firstly*, the determination of the most appropriate form of punishment and, *secondly*, the adaptation of that punishment to suite the needs of the particular accused.
5. The court must adopt as its point of departure the principle that, where possible, a sentence of imprisonment should be avoided, and should bear in mind especially *(a)* that the younger the accused, the less appropriate imprisonment will be, *(b)* that imprisonment is inappropriate in the case of a first offender, and *(c)* that short-term imprisonment is rarely appropriate. The court should thus always consider the appropriateness of other sentencing options. However, if, in all the relevant circumstances and upon a consideration of the objects of sentencing, imprisonment appears to be the appropriate sentence, the court must impose it.
6. The court must not impose suspended imprisonment where imprisonment is inappropriate for the particular accused.

**Case Information**

Hersiening.

**Judgment**

**Erasmus R:** Dit is gerieflik om àl vyf die sake gesamentlik in een uitspraak te behandel. Die beskuldigdes is almal jeugdiges wat geheel opgeskorte gevangenisstraf opgelê is nadat hul aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal skuldig bevind is. Die skuldigbevindings is in orde, maar die landdroste is versoek om hul redes vir vonnis te verstrek.

Ek het die landdroste se redes, tesame met die saakrekords, aan die direkteur van openbare vervolgings voorgelê. In die dekbrief het ek verskeie aspekte rakende die vonnis van jeugdiges geopper. Advokaat Hattingh, die adjunk-direkteur, het my voorsien van 'n volledige bespreking van die howe se vonnisopsies, gesien in die lig van die omstandighede wat tans in hierdie provinsie heers, met aangifte voorts van sy opinie aangaande die gepastheid van die vonnisse wat in die vyf sake opgelê is. Die advokaat se navorsing en gebalanseerde mening is van groot nut vir my en hy word daarvoor bedank. Ek verwys in hierdie uitspraak uitvoeriglik na sy verslag, asook na inligting wat ek met opvolging daarvan bekom het. Sover ek dan hierinlater van die reëls van bewysreg mag afwyk, doen ek so op uitnodiging van die Direkteur van Openbare Vervolgings se verteenwoordiger en in die belang van geregtigheid.

Paslike straftoemeting aan jeugdige oortreders is seker een van die gewigtigste maar ook neteligste take waarmee die howe belas word. In die verlede het die howe gereeld lyfstraf opgelê. Die Konstitusionele Hof het eger op 9 Junie 1995 die tersake statutêre bepalings nietig verklaar (*S v Williams and Others* 1995 (3) SA 632 (KH); 1995 (7) SA BCLR 861 (KH); 1995 (2) SACR 251 (KH)). Die afskaffing van dié vorm van straf moet nie as 'n negatiewe verwikkeling gesien word nie. Dit weerspieël die ontwikkeling van ons regstelsel ooreenkomstig die gees, strekking en oogmerke van die Grondwet. Die howe moet ook - so meen ek - die oorblywende vonnisopsies met nuwe oë beskou in die lig van die eise van die tyd. Die gepaste vertrekpunt daarvóór mi is die oorweging van die oogmerke van straftoemeting in huidige verband.

<u>Die oogmerke van straf by jeugdiges</u>

Besondere omstandighede geld by die bestrawwing van jeugdige oortreders, juis vanweë die feit van hul jonkheid. Die jeug is kenlik van kosbare waarde vir die gemeenskap - soos weerspieël word in art 28 van die Grondwet. Hulle is ons toekoms. Verbandhoudend hiermee is die feit dat jeugdiges se persoonlikhede in die algemeen

Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd

nog nie ten volle ontwikkel is nie. Hulle is meer buigsaam as volwassenes en dus uiteraard meer vatbaar vir beïnvloeding, ten goede sowel as ten kwade. Kriminele wangedraginge deur 'n jeugdige voorspel àl te dikwels (maar nie noodwendig nie) 'n kriminele volwassenheid. Jeugdiges wat misdrywe pleeg is dus potensiële volwasse misdadigers en is as sulks 'n bedreiging nie net vir die gemeenskap nie, maar ook vir hul eie welsyn en toekoms. Dit is derhalwe die dure plig van elke persoon en instansie gemoeid met jeugdiges, ook dan die howe, om te poog om jeugdige oortreders vir die geledere van wetsgehoorsames te win. Dit wil nie sê dat howe die ander oogmerke van bestrawwing sal negeer nie, slegs dat die opbou van goeie inbors vooropgestel sal word by die oorweging van 'n paslike vonnis vir die jeugdige oortreder.

Die paslikheid van gevangenisstraf

Hierdie strafvorm behels veel meer as blote vryheidsontneming. Die gevangene betree 'n nuwe en vreemde milieu. Hy word onderwerp aan 'n lewensstruktuur heel anders as dié wat hy buite die gevangenis beleef het. Hy is in die beheer van die Departement Korrektiewe Dienste en het weinig selfbeskikking. Die ervaring kan sy persoonlikheid vorm, of vervorm, en sy lewenspad bepaal. 'n Hof wat die oplegging van gevangenisstraf oorweeg, moet dus ten minste 'n gedagte hê van wat dit vir die bepaalde veroordeelde inhou. Ten einde my, en ander howe, in dié opsig behulpsaam te wees, het die Adjunk - Direkteur navraag gedoen na wat die gevangenissetting van jeugdiges in hierdie provinsie werklik beteken. Sy verslag in dié verband lui soos volg.

> `Volgens direkteur Barnard, adjunk-streekkommissaris van die Oos - Kaapse gebied van Korrektiewe Dienste, word 'n streng beleid van aparte aanhouding van jeugdige veroordeeldes gevolg. Daar is in hierdie regsgebied twee spesiaal ingerigte gevangenisse vir jeugdiges, die een te Oos - Londen en die ander by St Albans, Port Elizabeth, bekend as die Medium B gevangenis. Jeugdiges vir die doel is persone tot die ouderdom van 20 jaar. Die jeugdiges word ook in afsonderlike ouderdomsgroepe in die inrigtings aangehou. By St Albans is 'n volwaardige skool wat deur die jeugdiges bygewoon word en te Oos - Londen word 'n soortgelyke fasiliteit ontwikkel, maar vind klaskameronderrig op kleiner skaal reeds plaas. Handvaardighede word ook aangeleer en, afhangende van die gevangene se risiko-klassifikasie, word selfs uitstappies gereël. Mnr Barnard deel my ook mee dat die bouwerk aan 'n totale jeuginrigting vir die Oos - Kaap in die volgende finansiële jaar sal begin. (Ek wil graag meld dat direkteur Barnard aangedui het dat hy u graag met 'n besoek aan St Albans Medium B sal ontvang en die inrigting aan u bekendstel.)'

Die posisie is egter nie heeltemal so rooskleurig nie. Ek het adv Hattingh se voorstel opgevolg en op 21 Oktober 1998 die St Albans-gevangenis op inspeksie aangedoen. Mnr Brand (senior korrektiewe beampte) en mnr Human (korrektiewe beampte) het my te woord gestaan en daarnà na die afdeling waar die jeugdiges aangehou word, vergesel. Ek het die volgende inligting bekom en waarnemings gedoen.

- Gevangenes onder die ouderdom van 20 jaar word afsonderlik van ander gevangenes aangehou in die gedeelte van die inrigting wat as `Medium B-seksie' bekend staan.
- Jeugdiges se gevangenisdrag verskil sigbaar van dié van volwassenes en hul is dus duidelik onderskeibaar. Onderweg na Medium B-seksie, op 'n binneplein in die inrigting, het ek verskeie jeugdiges in die geselskap van volwasse prisoniere gesien. Mnr Brand deel my mee dat jeugdiges ook op ander plekke in die gevangenis met volwassenes in aanraking kom.
- In Medium B-seksie het ek 'n aantal gevangenis in 'n sel aangetref. Dié gevangenes was veronderstel om almal in die ouderdomsgroep 18 tot 20 jaar te wees, maar 'n hele aantal van hulle was klaarblyklik heelwat ouer as 20 jaar. Volgens mnr Brand is die gevangenisowerhede daarvan bewus dat sulke nie-jeugdiges as jeugdiges aangehou word. (Ek bespreek later in die uitspraak die rede vir dié ongewenste toedrag van sake.)

Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd

Ek is toe geneem na 'n ander sel in Medium B-seksie waar 'n jonger groep jeugdiges in aanhouding was. Vir sover ek kon sien, was hierdie gevangenes almal onder die ouderdom van 18 jaar.

- Die gevangenes was almal netjies geklee en oënskynlik gesond en goed versorg. Geen een van hulle het wesenlike klagtes gehad nie.
- Op my navraag het 'n aantal van die gevangenes in die tweede groep aangedui dat hul die gevangenisskool sou wou bywoon. (Ek behandel ook dié aspek later in die uitspraak.)

Dit blyk dat die gevangenes hul tyd grootliks met niksdoen in die selle deurslyt.

Ek het voorts, op 7 November 1998, met senior beamptes in die departement korrektiewe dienste onderhoud gevoer, naamlik:

(i) Mnr C J Barnard, 'n direkteur in die departement en provinsiale beheerbeampte: funksionele dienste. Hy is in oorhoofse beheer van die fisiese aanhouding van gevangenes, hul fisiese versorging, maatskaplike en sielkundige dienslewering, en arbeidsterapie.

(ii) Mev Elize van Vuuren, hoof-opvoedkundigebeampte, in beheer van onderwys en opleiding te St Albans-gevangenis.

(iii) Mej Hillhouse, senior maatskaplike werker te St Albans-gevangenis.

Hulle het my van verdere inligting voorsien tav die volgende:

Die aantal jeugdige gevangenes in aanhouding in die Oos - Kaapprovinsie:

Gedurende Oktober 1998 was die volgende aantal gevonnisde jeugdiges in aanhouding in gevangenisse in die Oos - Kaapprovinsie, dws in hierdie Afdeling van die Hooggeregshof sowel as dié geleë in die Ciskei- en Transkei-afdelings.

| ouderdom | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | totaal: |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| aantal | 1 | 20 | 54 | 118 | 278 | 258 | 322 | 1 051 |

Jeugdige gevangenes word ook in gevangenisse oral in die Oos - Kaapprovinsie aangehou, maar die groter meerderheid is te St Albans-, Oos - Londen- en Umtata-gevangenisse, weens die beskikbaarheid van die fasiliteit.

Departementele beleid mbt die aanhouding van jeugdiges:

In navolging van die Grondwet (art 28(3)), onderskei die gevangenisowerhede tussen \`kinders' (12 tot 17 jaar) en \`jeugdiges' (18 tot 20 jaar). (Ek gebruik egter vervolgens \`jeugdiges' in die algemene sin van die woord, om ook \`kinders' te behels - tensy die konteks anders aandui.) Dit is die vaste beleid van die Departement Korrektiewe Dienste om jeugdiges afsonderlik van volwassenes in die gevangenis aan te hou; ook om kinders en jeugdiges van mekaar te skei. Daar is egter slegs by St Albans-, Oos - Londen- en Umtata-gevangenisse fasiliteite vir die afsondering van jeugdiges. Die geriewe by St Albans is in dié opsig meer bevredigend as in Oos - Londen en Umtata. Kontak met volwasse gevangenes vind egter vry algemeen plaas - tydens ontspanning, sportbeoefening, etes, skoolbesoek, en so meer.

Kontakmaking met volwasse gevangenes beïnvloed ongetwyfeld jeugdiges ten kwade. Dit betrek hul by die gevangenis-bendestruktuur, met al die onheil wat dít inhou. Dit verstomp hul moraal en lei tot die aanvaarding van die kriminele gedragskode wat misdadigers in ons samelewing kenmerk. Dié beïnvloeding is seker ook nie beperk tot kontak met volwasse gevangenes nie, aangesien daar ook volwaardige misdadigers tussen die jeugdiges sal wees.

Die probleem word vererger deur die feit dat 'n beduidende persentasie \`jeugdige' gevangenes ouer is as 20 jaar, somtyds heelwat bó die ouderdom. Dié omstandigheid is te wyte aan departementele beleid mbt die ouderdomsbepaling van gevangenes. Die

Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd

Departement aanvaar naamlik die ouderdomme wat verskyn op die lasbriewe ter gevangenissetting wat van die landdroste ontvang word - al is dié inligting klaarblyklik foutief. Die Departement beskou skynbaar die mediese vasstelling van 'n gevangene se ouderdom as 'n onaanvaarbare skending van sy grondwetlike regte. (Dit is nie geleë om hier die korrektheid van dié siening te bevraagteken nie.)

Skoolopleiding in die gevangenis:

St Albans beskik oor 'n skool wat toeganklik is vir alle gevangenes, ongeag hul ouderdom. Die skool het 'n personeel van 10 beamptes en leerkragte wat 'n verskeidenheid vakke doseer. Bywoning is egter nie verpligtend nie.

Die skool is buite die inrigting geleë en die bywoning daarvan skep daarom 'n veiligheidsrisiko. Magtiging deur die gevangenishoof is derhalwe 'n voorvereiste vir skoolbywoning. Vóór toestemming egter verleen word, moet die gevangene se dissipline en sy aanpassing binne die gevangenis gekontroleer word. Dié keuringproses vertraag noodwendig sy skoolbywoning. Opname in die skool word voorts bemoeilik deur die feit dat leerlinge slegs aan die begin van die skooljaar aanvaar word. Die gevolg hiervan is dat skoolopleiding in die praktyk selde haalbaar is vir korttermyn gevangenes.

Jeugdiges wat wel die skool bywoon se gedrag is in die algemeen goed en hul vordering bevredigend, veral dié van relatiewe jeugdige ouderdom.

Die skoolgeriewe te Oos - Londen en Umtata is swakker as dié van St Albans-gevangenis.

Maatskaplike- en sielkundige dienste:

St Albans beskik oor onvoldoende vakkundige personeel om gevangenes, dan ook jeugdiges, behoorlik te bedien. Jeugdiges kan slegs een keer per week gespreek word, wat heeltemal onvoldoende is. Dienslewering word bemoeilik deur die feit dat die maatskaplike werkers nie 'n kantoor in Medium B-seksie het nie. Kontak is gevolglik formeel en daarom onbevredigend. Dienslewering in Oos - Londen en Umtata is nog minder bevredigend as dié by St Albans, en bestaan feitlik geensins in die ander gevangenisse nie.

Skakeling van jeugdiges met hul familie is van kritieke belang. Sulke kontak by die groter sentra is onbevredigend, maar geskied feitlik geensins in die kleiner gevangenisse nie.

Godsdiensonderrig:

Eksterne geestelike werkers het vrye toegang tot die gevangenes. Besoeke vind gereeld plaas. Dit is egter slegs 'n klein groepie gevangenes wat werklik in geestelikheid belang stel.

Die beplande jeuginrigting:

Mnr Barnard deel my mee dat die jeuginrigting waarna adv Hattingh in sy verslag verwys, deel vorm van die beplanning vir die boekjare 1999/2001. Dit is volgens hom 'n prioriteit van die Departemente Korrektiewe Dienste en Openbare Werke. Alle gevangenes in die ouderdomsgroep onder 21 jaar sal in dié inrigting opgeneem word. Daar sal dan totale skeiding van kinders/jeugdiges en volwassenes wees. Dit word beoog dat die inrigting voorsien sal wees van sy eie skool en maatskaplike dienste.

Dié projek is hoog lofwaardig en verdien die volle ondersteuning van alle persone en instansies wat met die welsyn van kinders en jeugdiges gemoeid is. Feit is egter dat die inrigting nog nie bestaan nie en dat die howe jeugdiges moet vonnis met inagneming van die fasiliteite wat tans in gebruik is.

Ek kry die indruk van toegewyde amptenare wat gebuk gaan onder gebrek van voldoende personeel en behoorlike fasiliteite. Daar is volgens hulle wel suksesverhale, maar oor die algemeen egter is die vooruitsigte vir jeugdiges in die gevangenis mistroostig swak. Ál die voormelde amptenare is van oordeel dat die gevangenissetting van jeugdiges in die oorgrote meerderheid gevalle 'n nadelige uitwerking op hul het. My waarnemings en die inligting wat ek bekom het, dui aan dat gevangenisstraf in die

**Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd**

meeste gevalle weinig verrig om jeugdige misdadigers te hervorm, maar inteendeel misdadigheid aankweek by hulle; pleks dus van rehabilitasie te bevorder, verydel dit eerder daardie doelwit. (Hierdie gevolgtrekking strook met die algemene persepsie van die uitwerking van gevangenisstraf op jeugdiges, so meen ek.) Dit beteken egter nie dat gevangenisstraf nooit op jeugdiges opgelê sal word nie: somtyds moet hervorming en opvoeding voor afskrikking en vergelding wyk. 'n Hof durf sy oë nie sluit vir die sorgwekkende misdaadgolf wat oor die hele samelewing spoel en waaraan jeugdiges 'n aansienlike aandeel het nie. Sommige jeugdiges is klaarblyklik in boosheid vasgevang blykens hul misdaadrekord óf die gruwel van hul handelinge. Maar 'n hof sal slegs nà ernstige en gebalanseerde oorweging bevind dat 'n jeugdige wat straf betref sy jeugdigheid prysgegee het.

Opskorting van gevangenisstraf

Soos ek reeds genoem het, is die vonnisse in àl die onderhawige sake in die geheel opgeskort. Só 'n vonnis kan egter later in werking gestel word; maw, opgeskorte gevangenisstraf is potensieel werklike gevangenissetting. In *S v Wakiri* 1981 (2) SA 527 (Z) op 529E - F, bespreek Fieldsend CJ die gepastheid van die oplegging van opgeskorte gevangenisstraf suiwer as afskrikkingsmiddel:

> `It may be said that, because three years of the nine have been suspended, one should look now primarily to the effective sentence to see whether that can be said to be excessive. This I do not think is the proper approach. The proper approach
> is to look primarily at the sentence which the offence should attract and, having determined that, to consider what portion should be suspended, on what conditions and for how long. I do not regard it as the right approach to decide what effective imprisonment an accused should undergo and then to add a suspended sentence with a view to dissuading him from further crime. The result of this latter course might be, if the dissuasion is not effective, that an accused will have to serve a longer sentence for his offence than it really deserves because he has again fallen from grace.'

In *S v Allart* 1984 (2) SA 731 (T) op 733H\-734A, verwys Van Dijkhorst R met goedkeuring na *Wakiri*, en verklaar vervolgens:

> `Daar moet teen gewaak word dat 'n vonnis opgelê word waarvan die effektiewe gedeelte gevangenisstraf 'n gepaste straf is vir die misdaad maar dat daar bo-op gevoeg word 'n stewige opgeskorte tydperk van gevangenisstraf ter wille van die weerhoudingselement. Die gehele tydperk van gevangenisstraf (waarby die opgeskorte gedeelte ingeslote is) moet 'n gepaste straf wees. Die standpunt wat soms gehuldig word dat slegs die effektiewe gevangenisstraf beoordeel moet word by die bepaling van 'n gepaste straf is myns insiens foutief.'

In *S v Labuschagne and 19 Other Cases* 1990 (1) SACR 313 (OK), skenk die Volhof oorweging aan die gepastheid van die vonnisse wat in 20 sake deur landdroste opgelê is vir die misdryf van die bestuur van 'n motorvoertuig terwyl onder die invloed van sterk drank, óf terwyl die alkohol-konsentrasie in die bloed van die bestuurder die wettige perk oorskry het. In àl die sake is die beskuldigdes 'n boetestraf met alternatiewe gevangenisstraf, sowel as verdere gevangenisstraf geheel opgeskort, opgelê. Mullins R, wat die uitspraak van die Hof lewer, verwys met goedkeuring na die *Wakiri*- en *Allart*-uitsprake, *supra*. Die korrekte benadering by die oorweging van 'n gepaste vonnis, aldus die agbare Regter, is om eers die paslike vorm van vonnis te bepaal, dan die omvang daarvan, en daarnà eers opskorting te oorweeg. Hy verklaar (316*f*):

> `Having determined both the appropriate form of sentence, and the magnitude thereof, the magistrate may decide to suspend part of the sentence.'

Klaarblyklik dus: indien gevangenissetting van die beskuldigde onvanpas is, dan ook is opgeskorte gevangenisstraf nie gepas nie.

Die ander vonnisopsies

Adv Hattingh bespreek in sy verslag die ander wetsbevoegde vonnisse wat vir 'n hof vir die bestrawwing van jeugdiges beskikbaar is:

> `Om by u vraag omtrent die uitvoerbaarheid van toesighouding deur welsynbeamptes te kom , wil ek meld dat daar al heelwat inisiatief aan die dag gelê is om jeugdiges wat hul aan minder ernstige oortredings skuldig maak, eerder buite die strafregstelsel te hanteer, met ander woorde om hul nie bloot te stel aan 'n strafregtelike vervolging nie. 'n Onlangse algemene minuut, aan alle Staatsaanklaers in

**Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd**

hierdie regsgebied gestuur, illustreer dit miskien die beste en ek heg graag vir u insae 'n kopie daarvan hierby aan (hieronder weergee). In para 4.6 word beklemtoon dat hierdie projekte ook as vonnisopsies beskikbaar is. NIMRO is ongelukkig slegs in die groter sentra soos Port Elizabeth, Oos - Londen, Queenstown, Grahamstad en Uitenhage gesetel, maar is in die proses om welsynsbeamptes van die Departement van Welsyn en privaat welsynorganisasies te verkry om deel te neem aan die projekte, wat sal beteken dat die Oos - Kaapse platteland ook die voordeel van die projekte sal geniet. Terugvoering toon dat die stelsel reeds in plek is by die meeste distrikte.

Soos reeds aangedui, is art 290 van die Strafproseswet beskikbaar om 'n jeugdige wat skuldig bevind is, in plaas van te straf, onder toesig van 'n proefbeampte te plaas. Die ander metode van plasing onder toesig van 'n welsynbeampte is om oplegging van vonnis voorwaardelik uit te stel (art 297(1)*(a)*(i)*(ee)* van die Srafproseswet) of wel vonnis op te lê en die uitwerking voorwaardelik op te skort (art 297(1)*(b)* gelees met 297(1)*(a)*(i)*(ee)*), en die oortreder te onderwerp aan toesig of beheer van 'n proefbeampte. Volgens die Departement van Welsyn kan daar wel uitvoering gegee word aan bevele (art 290) of opskortingsvoorwaardes (art 297) van toesighouding spesifiek, deur proefbeamptes - en kan dit by enige plek in hierdie regsgebied geskied.

<u>Verbeteringskole</u>

Die Oos - Kaap beskik nie oor verbeteringskole nie en jeugdiges wat ingevolge art 290 na verbeteringskole verwys word, word na inrigtings soos Tokai in die Wes - Kaap gestuur. Verwysing na 'n verbeteringskool behoort myns insiens, soos direkte gevangenisstraf, as 'n laaste opsie gesien te word. Dit het 'n ernstige impak op die jeugdige en is 'n langtermyn vorm van aanhouding. Ingevolge art 291(1) verval so 'n verwysingsbevel eers na twee jaar en kan dit in gegewe omstandighede verleng word tot 'n persoon sy 21ste lewensjaar bereik. Alhoewel daar by navraag aangedui is dat daar plek vir verwysde jeugdiges beskikbaar is by die inrigtings, neem die administratiewe rompslomp by die Departement van Welsyn, ten einde 'n spesifieke inrigting aan te wys, soms maande en word die jeugdige intussen in 'n plek van veiligheid (baie keer is dit die polisieselle) aangehou.

<u>Ander bewaring- en opleidingsentra</u>

Betreffende bewaring- en opleidingsentra is daar benewens die verbeteringskole natuurlik nywerheidskole en staatskinderhuise. Nywerheidskole en staatskinderhuise word egter nie in strafregtelike sin aangewend nie. Ingevolge art 15 van die Wet op Kindersorg 34 van 1983 kan 'n kinderhof 'n kind na 'n nywerheidskool of kinderhuis verwys, indien die bevinding is dat die kind 'n sorgbehoewende kind is. Dit is wel vir 'n jeugdige oortreder moontlik om, indien hy strafregtelik vervolg word, uiteindelik in 'n nywerheidskool of kinderhuis te beland, deur die gebruikmaking van die meganika vervat in art 254 van die Strafproseswet wat die verhoor gestaak en die kind na 'n kinderhof verwys word. 'n Kommissaris van Kindersorg kan dan na inwin van getuienis en indien hy/sy die jeugdige sorgbehoewend bevind, die jeugdige na 'n nywerheidskool of staatskinderhuis verwys.

Daar is slegs een nywerheidskool in hierdie regsgebied, en sovêr ek kon vasstel nie staatskinderhuise nie, maar wel gesubsidieerde kinderhuise wat laasgenoemde se rol vervul.

<u>Korrektiewe toesig</u>

Benewens korrektiewe toesig as vonnisopsie uit hoofde van art 276 gelees met art 274A van die Strafproseswet, is onderwerping aan korrektiewe toesig as voorwaarde by die uitstel van vonnisoplegging of die opskorting van 'n vonnis, soos by ondertoesigplasing van 'n proefbeampte, ook opsies ingevolge art 297 van die Strafproseswet. Ingevolge art 290(1) kan 'n jeugdige, in plaas van 'n straf, onder toesig van 'n korrektiewe beampte geplaas word. Volgens die streekkantoor van die provinsiale kommissaris van Korrektiewe Dienste, kan die toesighouding in enige landdrosdistrik in hierdie gebied (en ook te Butterworth in die hersieningsaak van die Staat teen Nyila) geskied.'Adv Hattingh se navorsing lei hom na die volgende gevolgtrekking:

`Uit bostaande is dit myns insiens duidelik dat daar verskillende opsies en gekombineerde moontlikhede bestaan en met innoverende denke gepoog kan word om die jeugdige, wat grootliks tog nog vatbaar is vir "indrukke", tot insigte
te bring of selfs te rehabiliteer. Daar behoort swaar gesteun te word op hulpdienste soos korrektiewe beamptes, proefbeamptes en welsynbeamptes oor die hele spektrum. My inligting is nie dat die hulpdienste oorlaai is en al die gevalle nie sal kan hanteer nie, die teendeel blyk eerder.'

Adv Hattingh het my voorsien van 'n afskrif van die Direkteur van Openbare Vervolgings (voorheen die prokureur-generaal) se omsendbrief waarna hy verwys (hierbo). Dit is dienstig om die dokument hier weer te gee ter inligting van voorsittende beamptes en ander belanghebbendes. (Ek doen dit met die toestemming van die direkteur.):

<u>`TO ALL PUBLIC PROSECUTORS IN THE AREA OF JURISDICTION OF THE ATTORNEY - GENERAL: EASTERN CAPE JUVENILE OFFENDERS: DIVERSION PROGRAMMES</u>

1. Diversion programmes for juvenile offenders are designed to assist certain categories of juvenile offenders to gain insight into the wrongfulness of their actions without the intervention of the criminal courts. These programmes also offer juvenile offenders the opportunity to avoid the

**Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd**

trauma of a criminal trial and the stigma of a previous conviction.

2. There are at present two diversion programmes available, namely the "Youth Offenders' School" and the "Community Service Project". These programmes can also, where necessary, be combined. Some time ago I authorised senior public prosecutors in the bigger centres to implement the first programme, the "Youth Offenders' School". The programme was implemented in areas where NICRO offices are situated, whose personnel were able to facilitate the programme. Probation officers of the provincial Department of Health and Welfare were also involved. NICRO is now in a position to facilitate the "Community Service Project" as well, and intends to launch a campaign to have both programmes available in all magisterial districts. This will involve the training of probation officers in areas where NICRO does not have offices, and the enlistment of support from those institutions which would be prepared to accept juvenile offenders performing community service under supervision. Once this has been achieved NICRO or the probation officer will inform the senior public prosecutor/control prosecutor/public prosecutor for the district.

3. The procedure will be as follows:

3.1 Candidates for either of the two programmes should be identified at their first appearance in court by the senior public prosecutor (or a prosecutor identified for this purpose) or control prosecutor or public prosecutor (in districts where there is only one prosecutor) in conjunction with the probation officer or member of NICRO. The identification should be made bearing in mind the guidelines set out in para 4 below.

3.2 The case is then postponed for the period required for the candidate to complete the programme; and

3.3 If the candidate completes the programmes satisfactorily, the charges are withdrawn against him or her on the date to which the case was postponed.

3.4 The charges may be withdrawn before the implementation of the programme in exceptional cases. It must, however, be borne in mind that the possibility that the charges will be withdrawn after the successful completion of the programme can serve as an incentive to the candidate to give his or her full co-operation in the implementation of the programme.

Should the candidate not complete the programme successfully, the prosecution must proceed in the ordinary course and the SA Police Service must be requested to bring the juvenile before court again.

4. The guidelines are the following:

4.1 Age

4.1.1 for the purposes of the "Youth Offenders' School", any age up to and including 18 years;

4.1.2 for the purposes of community service, between the ages of 15 and 18 years old. Note the prohibition in s 52A(1) of the Child Care Act 74 of 1983 on the employment of children under the age of 15 years.

4.2 Insight

The juvenile must admit his part in the crime for which he or she is indicted and must be prepared to undergo the programme.

4.3 Assistance

The juvenile's parent*(s)*/guardian must agree to the implementation of the programme and must be prepared to co-operate.

4.4 Recidivists

The juvenile should preferably be a first offender. Those juveniles who have previous convictions may, however, also be considered if their previous convictions may, however, also be considered if their previous convictions are not of such a nature as to result in

- the conversion of the proceedings into a children's court enquiry (with a view to referring the juvenile to an industrial school); or
- the referral of the juvenile to a rehabilitation centre or reformatory, or
- the imposition of a sentence of imprisonment. Juveniles who have already had the benefit of diversion should not again qualify for it.

4.5 The crime

Juveniles who have committed crimes of a less serious nature eg shoplifting, assault *(common)*, malicious injury to property, etc may be considered. This discretion must be exercised prudently with due regard to the interests of society. I or one of my deputies may be approached telephonically for advice in this regard at any time.

4.6 Co-accused

If the juvenile is one of several accused, and his or her co-accused do not qualify for either of the programmes, the juvenile himself can, naturally, not escape prosecution. These programmes may, however, become relevant at the sentencing stage where for example

**Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd**

the passing of sentence is postponed conditionally in terms of s 297(1)*(a)*(i) of the Criminal Procedure Act 51 of 1977.

4.7 Address

The juvenile must have a fixed address.

5. Once one or both of the programmes have been implemented in your district, a register must be opened containing sufficient detail, including the success achieved in each case, to enable you to give a report back at any stage and to estabish whether a juvenile has previously enjoyed the benefit of such a programme. The probation officer or member of NICRO must also fully explain to you the nature and scope of the programme*(s)* which will be implemented in your district.'

Een aspek kom sterk na vore in adv Hattingh se verslag. Dit is naamlik die belangrikheid van opvolgwerk by jeugdige oortreders. Die pleging van 'n misdryf deur 'n jeugdige is 'n duidelike teken dat daar fout is in sy karakter óf dat daar iets in sy gesinsomstandighede skort. Dit is dus kennelik aangewese dat daar behoorlik ondersoek na hom en sy agtergrond gedoen word en dat sy verdere gedrag en sy gesinsomstandighede gemoniteer word. 'n Vonnis van 'n jeugdige wat effektiewelik eindig wanneer die veroordeelde by die hof uitstap, is selde gepas. Dus, wanneer die vonnis uitgestel of opgeskort word, is dit paslik dat die beskuldigde in die sorg of onder die toesig van 'n gepaste instansie of persoon geplaas word.

'n Gepaste vonnis beteken die paslike bestrawwing van die bepaalde persoon vir die pleging van die bepaalde misdryf. Elke beskuldigde is 'n individu met sy eie persoonlikheid en omstandighede. Stereotipe vonnisoplegging moet derhalwe vermy word. Wat jeugdiges betref, het die hof 'n wye verskeidenheid vonnisopsies tot sy beskikking:

Die hof kan

- die verhoor staak en beveel dat die beskuldigde voor 'n kinderhof gebring word (art 254 van die Strafproseswet);
- beveel dat die beskuldigde onder toesig van 'n proefbeampte of 'n korrektiewe beampte, en/of in die bewaring van 'n geskikte persoon, geplaas word (art 290(1), (2) en (3));
- die oplegging van vonnis voorwaardelik of onvoorwaardelik vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar uitstel (art 297(1)*(a)*);
- vonnis oplê maar beveel dat die tenuitvoerlegging van die geheel of 'n gedeelte daarvan vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar voorwaardelik opgeskort word (art 297(1)*(b)*).
- 'n vonnis van korrektiewe toesig oplê (art 276(1)*(h)* gelees met 276A(1));
- beveel dat die beskuldigde na 'n verbeteringskool verwys word (art 290(1)*(d)* en (3));

met verdere moontlikhede geleë in die ryke verskeidenheid voorwaardes wat aan uitstel en opskorting gekoppel kan word:

— skadeloostelling (subpara *(aa)* van art 297(1)*(a)*(i));

— die verskaffing aan die benadeelde persoon van een of ander bepaalde voordeel of diens in plaas van skadeloosstelling weens skade of geldelike verlies (subpara *(bb)*);

— die verrigting sonder vergoeding en buite die gevangenis van een of ander diens tot voordeel van die gemeenskap, onder toesig en beheer van 'n organisasie, instelling of persoon wat na die oordeel van die hof die belange van die gemeenskap bevorder (subpara *(cc)*);

— onderwerping aan korrektiewe toesig (subpara *(cc*A*)*);

— die onderwerping aan opleiding of behandeling (subpara *(dd)*);

— onderwerping aan die toesig of beheer van 'n proefbeampte soos omskryf in die Wet op Proefdienste, 1991 (Wet 116 van 1991) (subpara *(ee)*);

— die verpligte bywoning of inwoning by een of ander bepaalde sentrum vir

**Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd**

'n bepaalde doel (subpara *(ff)*);

— goeie gedrag (subpara *(gg)*);

— enige ander aangeleentheid (subpara *(hh)*).

Die hof kan deur middel van 'n plaaslike bevel of voorwaarde die jeugdige veroordeelde betrek by maatskaplike projekte, soos die afwending jeugprogram waarna die Direkteur van Openbare Vervolgings in sy omsendbrief hierbo verwys. Die Direkteur van Openbare Vervolgings voorsien my van 'n afskrif van 'n skrywe gedateer 20 Januarie 1999 wat hy ontvang het van NIMRO se provinsiale projekbestuurder: afwending. Dit spreek vir sigself:

> `You are hereby informed that 1 040 young offenders successfully completed their Diversion Programme between 1 April 1998 to 31 December 1998 in the Eastern Cape. Your valuable support and co-operation in this regard is highly appreciated to allow these youth not to have a criminal record due to their successful completion of the programmes.
>
> Research:
>
> NICRO conducted national research focussing on youth who completed their Diversion programmes one year ago. The aim was to determine the effect of NICRO programmes on criminal behaviour. The research found that only 6,3 % of the research target group reoffended within the first year after the completion of the Diversion programme.
>
> Availability of services:
>
> NICRO is currently rendering Diversion Programmes in the following magisterial districts and is also in the process of expanding to new magisterial districts:
>
> Region A:
>
> * Port Elizabeth * Uitenhage * Humansdorp * Patensie/Hankey * Graaff - Reinet * Jansenville * Cradock * Middelburg
>
> Region C:
>
> * East London * Mdantsane * King William's Town * Zwelitsha * Grahamstown
>
> Region B:
>
> * Queenstown * Lady Frere * Exibeleni * Whittlesea
>
> Region D:
>
> * Umtata'

In sy skrywe van 28 Januarie 1999 voorsien die provinsiale kommisaris: Korrektiewe Dienste (Oos - Kaapprovinsie) my van 'n kommerwekkende statistiek. Hy deel my mee dat vir die tydperk Julie tot September 1998 daar 18 jeugdiges in die gevangenisse in die Oos - Kaapprovinsie in aanhouding op afwagting vir verwydering na 'n verbeteringskool was. Van hierdie jeugdiges is alreeds 16 maande in aanhouding. Ek kan my nie sterk genoeg uitlaat oor die versuim aan die kant van die betrokke staatsdepartemente om die howe se bevele uit te voer nie.

Die voorafgaande inligting en opmerkings vind neerslag in die volgende riglyne vir die straftoemeting aan jeugdige veroordeeldes.

1. Die hof sal vóór aanvang van die verhoor in gepaste gevalle die plasing van die beskuldigde in 'n afwending jeugprogram bevorder.

2. Die hof moet vir strafdoeleindes die ouderdom van alle vermeende jeugdiges, asook grensgevalle, behoorlik vasstel. (Vir die wyse wat dít gedoen word, kyk: Kriegler *Hiemstra Suid - Afrikaanse Strafproses* 5de uitg op 884-5; Du Toit *et al Commentary on the Criminal Procedure Act* 33-10-11.) Indien dit dan blyk dat die ouderdom van die beskuldigde verkeerd op die klagstaat aangegee word, sal die hof die rekord regstel ten einde te verseker dat die korrekte ouderdom op die lasbrief ter gevangenissetting en alle ander dokumentasie mbt straf, aangedui word. Weens die beleid van die Departement Korrektiewe Dienste mbt die afsonderlike aanhouding van jeugdiges, is dit nodig dat die ouderdom van alle gevangenes onder 21 jaar, en nie slegs diegene onder 18 jaar nie, bepaal word.

3. Die hof sal dinamies handel ten einde volledige besonderhede van die beskuldigde se persoonlikheid en sy persoonlike omstandighede te bekom. Die hof sal waar nodig 'n voorvonnisverslag van 'n proefbeampte en/of 'n

**Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd**

korrektiewe beampte aanvra. So 'n verslag is aangewese waar die beskuldigde 'n ernstige misdryf gepleeg het, óf vorige veroordelinge het. Dit is onvanpas om 'n beskuldigde gevangenisstraf, ook opgeskorte gevangenisstraf, op te lê sonder die voordeel van 'n voorvonnisverslag.

4. Die hof sal met sorg en verbeelding sy wye diskresie gebruik ten einde 'n vonnis te bepaal wat paslik is vir die beskuldigde gesien sy eie besondere omstandighede en die misdryf waaraan hy skuldig bevind is. Dit behels *eerstens die bepaling van die mees gepaste vorm van straf en tweedens* die aanpassing van daardie straf om aan die behoeftes van die bepaalde beskuldigde te pas.

5. Die hof sal, as uitgangsbeginsel, waar moontlik straf in die vorm van gevangenissetting vermy, met besondere inagneming daarvan -
   (i) dat hoe jonger die beskuldigde, hoe minder paslik is gevangenisstraf;
   (ii) dat gevangenisstraf besonderlik onpaslik is in die geval van 'n eerste oortreder; en
   (iii) dat korttermyn gevangenisstraf selde paslik is;

en sal altyd die gepastheid van àl die ander strafopsies oorweeg.

Indien gevangenisstraf dan nietemin, in àl die tersake omstandighede en met inagneming van die oogmerke van straftoemeting, die paslike vonnis blyk te wees, sal die hof dit oplê.

6. Die hof sal nie opgeskorte gevangenisstraf oplê nie waar straf in die vorm van gevangenissetting onvanpas is vir die bepaalde veroordeelde.

Ek oorweeg vervolgens die gepastheid van die vonnisse onder hersiening aan die hand van die voorafgaande riglyne.

Die Staat teen Thanduxolo Zingela (hersieningsnr 980090):

Tydens die vonnisverrigtinge het die Staatsaanklaer 'n proefbeampte se verslag by die hof ingedien, met die toestemming en erkenning van die korrektheid van die inhoud daarvan deur die beskuldigde en sy ouers. In daardie stadium was die beskuldigde 17 jaar oud. Die verslag behels 'n uiteensetting van die beskuldigde se gesinsagtergrond en sy huishoudelike omstandighede. Die beampte verklaar soos volg onder die hoof `Discussion and evaluation':

`Both biological parents raised the young offender. His basic needs were met from childhood. He was raised in a strong and supportive family, where both parents are working and all other children attended school. The opinion is held that due to lack of potential to make decisions and lack of education, it was easier for his friends to influence him. His parents are capable and responsible.'

Die beampte se aanbeveling is soos volg:

`In the light of the above-mentioned information, it is therefore recommended that Thanduxolo Zingela, be given a suspended sentence in terms of s 290(1)*(a)* of the Criminal Procedure Act, Act 51 of 1977, for a period of 12 months, with the condition of supervision by a probation officer.'

Die hof was egter nie tevrede met die verslag mbt vonnisopsies nie. Die saak is toe verder uitgestel ten einde aanvullende inligting te bekom tav (1) oorweging en die bespreking van opskortingsvoorwaardes; (2) gemeenskapsdiens; en (3) korrektiewe toesig. Die saak is daarnà herhaaldelik uitgestel. Nà die tweede uitstel het die Staatsaanklaer die hof meegedeel dat geen aanvullende verslag van die proefbeampte ontvang is nie, dat daar nie aan die hof se versoek voldoen is nie, en dat die proefbeampte geen verdere inligting kon verskaf nie. Die landdros het die aanklaer se aansoek om verdere uitstel geweier en sy misnoeë met die posisie uitgespreek. Hy het toe voortgegaan en die beskuldigde gevonnis.

In sy redes verwys die landdros na die geykte beginsels mbt straftoemeting. Hy beklemtoon dan tereg die erns van die misdryf: die beskuldigde het na 'n skool gegaan, vensters gebreek en waardevolle items gesteel. Die landdros ag dit sy plig om die hoë

Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd

voorkomssyfer van die betrokke misdryf in ag te neem. Hy is van oordeel dat die probleme mbt die voorkoming van die misdryf 'n swaar vonnis dikteer. Die publiek het 'n belang dat die hof hierdie tipe misdryf bekamp. Die persoonlike omstandighede van die beskuldigde moet in ag geneem word, naamlik dat hy 17 jaar oud is met geen vorige veroordelings nie, en dat hy ekonomies swaar kry. Hy sluit af met die opmerking dat die hoofdoel van vonnisoplegging in die algemeen afskrikking is. Na sy oordeel kon dié oogmerk van vonnisoplegging slegs met die opgelegde vonnis doeltreffend bereik word.

Adv Hattingh spreek die mening uit dat die landdros se behoefte aan aanvullende inligting daarop dui dat die proefbeampte se verslag vir die hof van weinig nut was. Die inhoud van die verslag is nie net botsend nie, sê hy, maar daar is 'n dringende behoefte aan insette mbt die potensiaal van ander vonnisopsies. Hy verklaar voorts:

> `Ek ondersteun die landdros heelhartig wat betref die erns en problematiek van die misdrywe ter sprake, maar meen dat die landdros nie in 'n posisie geplaas was om alle moontlike opsies te ondersoek en na behoefte van die individuele beskuldigde, die mees geskikte opsie te kies nie. Dit mag selfs wees dat die eindresultaat tot 'n tydperk van gevangenisstraf, gepas opgeskort mag wees, maar dit is op hierdie stadium na my mening nie 'n uitgemaakte saak nie.'

Hy beveel aan dat die vonnis ingevolge art 304(2)*(c)*(ii) van die Strafproseswet tersyde gestel word en die saak na die landdroshof terugverwys word kragtens art 304(2)*(c)*(v) ten einde verdere getuienis betreffende die gepaste optrede nà skuldigbevinding van die verslaggewende beampte aan te hoor.

Dit blyk inderdaad van die oorkonde en die landdros se redes dat die hof nie àl die vonnisopsies behoorlik oorweeg het, of voldoende inligting gehad het om te oorweeg nie. Die feit is egter dat die landdros die saak verskeie kere uitgestel het ten einde die verdere inligting te bekom. Hy kan na my oordeel nie verkwalik word dat hy uiteindelik die saak daarsonder afgehandel het nie. Dit is immers in die belang van die gemeenskap dat daar finaliteit by strafsake kom. Die gebrek aan volledige inligting moes die landdros egter tot versigtigheid gestem het. Hy dui nie aan waarom die proefbeampte se aanbeveling vir die hof onaanvaarbaar is nie. Die landdros se vonnis is voorts vir kritiek vatbaar omrede dit geen voorsiening maak vir enige beheer oor die verdere optrede van die beskuldigde nie. Dus, ondanks die strafverswarende omstandighede waarna die landdros tereg verwys, is ek van oordeel dat gevangenisstraf nie 'n gepaste vorm van straf vir die beskuldigde was nie, gesien sy jeug, die feit dat hy 'n eerste oortreder is en die ander strafversagtende faktore.

Ek sou bygevolg soos volg gelas.

Die skuldigbevinding word bekragtig, maar die vonnis word tersyde gestel en met die volgende vervang.

Die oplegging van die vonnis word vir 'n tydperk van drie (3) jaar uitgestel op voorwaarde dat die beskuldigde hom onderwerp aan die toesig van 'n proefbeampte soos omskryf in die Wet op Proefdienste (Wet 116 van 1991) totdat hy die ouderdom van 19 jaar bereik.

Die Staat teen Melikaja Nyila (hersieningsnr 980092):

Die Staatsaanklaer het nà skuldigbevinding verslae deur 'n proefbeampte en 'n korrektiewe beampte by die hof ingehandig, met erkenning van die korrektheid van die inhoud daarvan deur beide die beskuldigde en sy voog. Die proefbeampte het die beskuldigde se gesinsagtergrond en persoonlike omstandighede volledig ondersoek en tot die gevolgtrekking geraak dat korrektiewe toesig 'n gepaste vonnis vir hom is. Hy motiveer sy gevolgtrekking soos volg:

> `This appears to be the most appropriate sentence to consider. The youth is young and needs to be subjected to a structured environment. Despite the fact that the youth has been involved in a number of previous cases, no intensive services have been rendered to date. This sentence option will also provide the necessary control needed in this child's life. This sentence option will also offer the youth the opportunity to remain in a supportive environment and develop and strengthen the bond with his father.'

Die korrektiewe beampte bevind dat die beskuldigde 'n geskikte kandidaat vir

**Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd**

korrektiewe toesig is. Ek ag dit nie nodig om die volle omstandighede daaromtrent hier te weergee nie. Ek vewys slegs na die beampte se kommentaar wat verskyn onder die hoof `Individueelgerigte behandeling':

> `Die beskuldigde is nie 'n eerste oortreder nie. Terapeutiese intervensie en streng kontrole maatreëls is nodig ten einde hervorming en voorkoming in die hand te werk. Die beskuldigde kan baatvind by individueel sowel as groepgerigte behandeling. Programme word doelgerig en direktief aangewend en word 'n holistiese benadering deur 'n multi-dissiplinêre span gevolg.'

Die landdros se redes vir vonnis is grotendeels dieselfde as dié wat hy in *S v Thanduxolo Zingela* (*supra*) verstrek het. Wat die pleging van die misdryf betref, sê hy:

`Die beskuldigdes het na 'n privaat woning gegaan. Hy het gaan klop en niemand was tuis nie. Daarna met 'n sleutel die deur oopgesluit. Daaruit is dit duidelik dat die beskuldigde met 'n spesifieke doel voor oë na die woning gegaan het naamlik om in te breek en het berekend opgetree. Hy het die goedere wat hy geneem het gaan verkoop.'

Voorts, mbt straf:

> `Die hof moet ook let op die beskuldigde se persoonlike omstandighede. Beskuldigdes is nog baie jong naamlik 15 jaar. Beskuldigde het een vorige veroordeling gedateer 24 Maart 1997 vir huisbraak met die opset om te steel en diefstal by 'n woonperseel.'

Die landdros aanvaar dat die mees gepaste vonnis korrektiewe toesig sou wees. Hy besluit egter daartéén omrede die beskuldigde te Butterworth woonagtig is, en, so sê hy:

> `Daar bestaan volgens die hof 'n ernstige probleem met die monitering van die beskuldigde. Die infrastruktuur vir onder andere gemeenskapsdiens bestaan nie te Butterworth nie.'

Adv Hattingh wys daarop dat die probleem nie van die oorkonde blyk nie. Voorts, sê hy -

> `. . . ontstaan die vraag onmiddellik hoekom word gemeenskapsdiens aanbeveel as dit nie in beskuldigde se tuisdorp Butterworth haalbaar is nie, of is dit haalbaar?'

Hy sê verder:

> `Is korrektiewe toesig as vonnis soos deur beide beamptes aanbeveel dan nie meer aangewese, waar behoorlike terapeutiese behandeling (selfs sonder gemeenskapdiens) toegepas kan word nie? Is dit nie, in die lig van die feit dat die kind klaarblyklik vatbaar is vir positiewe beïnvloeding (vergelyk die vader se positiewe rol), meer aangewese as bloot 'n opgeskorte vonnis nie?'

Gesien die beskuldigde se ouderdom en sy persoonlike omstandighede, soos blyk uit die verslae, is gevangenisstraf - ofskoon opgeskort - onvanpas. Ek weet nie wat die probleme met die monitering van die beskuldigde te Butterworth is nie. Dit blyk nie van die oorkonde of van die verslae nie. Die proefbeampte en die korrektiewe toesigbeampte het dit blykbaar nie as 'n probleem gesien nie. Na my oordeel moes die hof verdere ondersoek ingestel het na die verskillende opsies mbt korrektiewe toesig wat wel in die geval van die beskuldigde beskikbaar was. Die beskuldigde het klaarblyklik toesig en beheer nodig.

Ek sou bygevolg soos volg gelas.

Die skuldigbevinding word bekragtig, maar die vonnis word tersyde gestel en die saak na die landdros terugverwys sodat hy die nodige verdere ondersoek na die haalbaarheid van ander vonnisopsies kan doen, en die beskuldigde daarnà 'n paslike vonnis oplê.

Die Staat teen Julius Gelebe (hersieningsnr 980091):

Die beskuldigde is aan 'n ernstige misdryf skuldig bevind. Hy het by 'n woonhuis ingebreek en luukshede ter waarde van R15 000 gesteel. Die meeste van die items is egter teruggevind. Die hof vonnis die beskuldigde tot 12 maande gevangenisstraf wat vir 'n tydperk van drie jaar op die gebruiklike voorwaardes opgeskort word. Daar word dan bygevoeg:

> `Beskuldigde onder toesig van 'n proefbeampte geplaas vir 12 maande.'

Adv Hattingh verklaar dat dit vir hom onduidelik is kragtens watter bepaling die toesig gelas is, en of dit is as 'n opskortingsvoorwaarde bedoel word al dan nie. Indien dit bykomend tot die gevangenisstraf is, dan het ek bedenkinge aangaande die bevoegdheid van die bevel, gesien die bewoording van art 290(3) van die Strafproseswet. (Die artikel bepaal dat 'n hof waarin 'n jeugdige aan 'n misdryf skuldig

**Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd**

bevind is die beskuldigde onder die beheer van 'n proefbeampte kan plaas, `in plaas van' hom straf vir daardie misdryf op te lê.) Dit is egter nie vir my nodig om daaroor uitsluitsel te gee nie.

Die beskuldigde was ten tyde van vonnis 16 jaar oud. Hy is 'n eerste oortreder. Die proefbeampte se verslag is positief wat betref sy huidige gesinsomstandighede. Gevangenisstraf, selfs geheel opgeskort, is klaarblyklik onvanpas.

Ek sou bygevolg soos volg gelas.

Die skuldigbevinding word bekragtig, maar die vonnis word tersyde gestel en met die volgende vervang.

Die oplegging van die vonnis word vir 'n tydperk van drie (3) jaar uitgestel op voorwaarde dat die beskuldigde hom onderwerp aan die toesig van 'n proefbeampte soos omskryf in die Wet op Proefdienste (Wet 116 van 1991) totdat hy die ouderdom van 18 jaar bereik.

Die Staat teen Xolani Magi (hersieningsnr 9801050):

Die beskuldigde het by 'n skool ingebreek deur 'n venster met 'n baksteen stukkend te slaan. Hy is op heterdaad betrap waar hy teksboeke wou steel.

Daar is 'n verslag van 'n proefbeampte by die stukke aangeheg, maar dit blyk nie van die oorkonde hoe dié dokument voor die hof gekom het nie. Aangesien egter die strekking daarvan ooreenstem met die mededelings aan die hof van die beskuldigde en sy voog, en omdat die inhoud daarvan tot die beskuldigde se voordeel strek, sal ek vir doeleindes van die hersiening aanvaar dat die dokument behoorlik bewys is. Die verslag is positief tav die beskuldigde se persoonlikheid en sy gesindheid tot verdere studie. Volgens die proefbeampte het hy met welslae 'n NIMRO jeugprogram bygewoon. Die beskuldigde het geen vorige veroordelinge nie. Sy ouderdom word op die klagstaat en hersieningsdekblad as 14 jaar aangedui, maar volgens die proefbeampte se verslag is sy geboortedatum 7 April 1980. Hy verklaar in die hof dat hy 18 jaar oud is. Ek aanvaar dat hy tydens die pleging van die misdryf 17 jaar oud was. In die lig van die voormelde omstandighede is straf in die vorm van gevangenisstraf onvanpas, selfs gesien die erns van die misdryf. Die landdros se vonnis maak ook geen voorsiening vir opvolgbeheer van die beskuldigde nie. Ek bevind derhalwe dat die vonnis nie gepas is nie.

Ek sou bygevolg soos volg gelas.

Die skuldigbevinding word bekragtig.

Die vonnis word tersyde gestel en met die volgende vervang.

Die oplegging van die vonnis word vir 'n tydperk van drie (3) jaar uitgestel op voorwaarde dat die beskuldigde hom onderwerp aan die toesig van 'n proefbeampte soos omskryf in die Wet op Proefdienste (Wet 116 van 1991) totdat hy op die ouderdom van 19 jaar bereik.

Die klagstaat word gewysig deur die beskuldigde se ouderdom as 18 jaar aan te dui.

Sivuyile Mngomezulu en Gima Thobile Gontsi (hersieningsnr 980622):

Die beskuldigdes het tydens hul art 112(1)*(b)* ondervraging erken dat hul 'n huis binnegegaan het deur die voordeur oop te stoot, waar hul 'n kassetspeler, 'n luidspreker en selfoon gesteel het. Hulle is beide tot agt maande gevangenisstraf voorwaardelik opgeskort gevonnis. Beskuldigde nr 1 verklaar dat hy 16 jaar oud is en skool gaan in std 6. Beskuldigde nr 2 verklaar dat hy 18 jaar oud is en skool gaan in std 6. Nie een van die beskuldigdes het vorige veroordelinge nie. Die landdros het versuim om 'n proefbeampte se verslag aan te vra. Hy verklaar in sy redes dat hy in die verlede gepoog het om proefbeamptes se verslae te bekom, maar dat die hof tot ses maande moes wag voordat dit gereed was. Adv Hattingh reageer soos volg op die landdros se opmerking:

> `4. Soos in my vorige opinie aangedui, is die howe na my mening tot 'n groot mate afhanklik van 'n proefbeampteverslag wat deeglik nagevors en volledig opgestel is.

**Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd**

5. *In casu* beweer die landdros dat dit tot ses maande neem om 'n verslag te bekom, vandaar sy besluit om nie een aan te vra nie. Dit is 'n bron van kommer en, indien korrek, sal dit die benadering by jeugoortreders, soos voorgestel in my vorige opinie, erg in die wiele ry. Ek het dit goedgedink om Welsynsdienste se kommentaar hieroor aan te vra, per my skrywe van 21 Julie 1998 (kopie aangeheg).
6. Mnr Mostert van Port Elizabeth het hierop gereageer per aanhegte skrywe, maar dit ongelukkig beperk tot die Port Elizabeth area. Daarna het ek kommentaar vanuit die Queenstown area en die Grensgebied verkry en heg dit ook hierby aan.
7. Dit blyk uit hierdie skrywes dat daar nie 'n probleem met die spoedige verkryging van proefbeampteverslae is nie.'

Adv Hattingh beveel aan dat die vonnis van beskuldigde nr 1 tersyde gestel word en dat die saak terugverwys word vir die verkryging van 'n proefbeampteverslag. Hy doen aan die hand dat die skuldigbevinding van beskuldigde nr 2 bekragtig word.

Die landdros beklemtoon tereg die erns van die misdryf en die hoë voorkoms daarvan in die gemeenskap. Gevangenisstraf is nietemin in die geval van beskuldigde nr 1 onvanpas op die beskikbare inligting. Wat beskuldigde nr 2 betref, kan dit nie deur hierdie Hof bevind word dat die vonnis onvanpas is nie.

Ek sou bygevolg soos volg gelas.

Die skuldigbevinding van beide die beskuldigdes word bekragtig.

Die vonnis van beskuldigde nr 1 word tersyde gestel en die saak word na die landdros terugverwys sodat hy 'n verslag van 'n proefbeampte en/of van 'n korrektiewe beampte kan bekom, en die beskuldigde daarnà paslik straf.

Die vonnis van beskuldigde nr 2 word bekragtig.

**Jones R:**

Ek stem saam, met dié voorbehoud dat ek nie met die gevangenisbesoek en die samesprekings waarna my Ampsbroeder verwys, teenwoordig was nie. Daar word derhalwe soos volg gelas.

- In al vyf die sake word die skuldigbevindinge bekragtig.
- Die vonnis van Thobile Gontsi (hersieningsnr 980622) word bekragtig.
- Die vonnis van al die beskuldigdes origens word gewysig ooreenkomstig die uitspraak van Erasmus R.

Die Griffier word gelas om 'n afskrif van die uitspraak aan al die landdroste in hierdie Afdeling te stuur.

Copyright JUTA & Co (Pty) Ltd